# Afrikaanses is hiér gesog

**’n Nederlandse werwingsmaatskappy maak geen geheim daarvan dat sy voorkeurkandidate Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is nie. Hanri Wondergem het gaan uitvind hoekom.**

In ’n land met ’n amptelike werkloosheidsyfer van 32,9% en ’n ekonomie wat sukkel, soek al hoe meer mense na groener weivelde (en werkgeleenthede) in ander lande. As jy boonop aan die verkeerde kant van regstellende aksie staan, raak ’n pos in die vreemde ’n al hoe groter moontlikheid.

Suid-Afrikaners wat in die buiteland gaan werk, het nog altyd ’n goeie reputasie gehad vanweë hul werketiek, maar nou het ’n Nederlandse werwingsagentskap nóg ’n vereiste: hulle het Afrikaanse mense in die oog.

“Ons plaas mense wat ander tale praat, maar ons doen wat ons kliënte van ons verwag. Ons kliënte wil Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners aanstel,” sê Sonja Poortman, ’n besturende direkteur van die maatskappy Ir Olav’s Globetrotters.

Poortman en haar mede- besturende direkteur, Diane van Galen Last, was onlangs in Suid-Afrika om juis van hierdie “voorkeurkandidate” vir moontlike poste te ontmoet.

Die kandidate is meestal tussen 25 en 35 jaar oud, werk in inligtingstegnologie (IT) en is hoofsaaklik Afrikaanssprekend.

“Volgens Statistieke Suid-Afrika is die werkloosheidsyfer vir mense van tussen 15 en 24 in die laaste kwartaal van verlede jaar 61% en vir mense van tussen 25 en 34 is dit 39,9%. Dus is die vooruitsigte vir alle jong mense maar sleg,” sê Theuns du Buisson, ekonomiese navorser van die Solidariteit Navorsingsinstituut.

“Wat alle mense van werkende ouderdom betref, is die werkloosheidskoers vir alle bruin mense 24,1% en vir alle wit mense 8,2%. Daar is nie data beskikbaar wat hierdie groepe volgens ouderdom en ras indeel nie, maar ons kan aflei dat veral jong bruin mense baie sleg daaraan toe is as dit kom by hul kans om werk te kry,” sê Du Buisson.

Volgens Van Galen Last is daar verskeie redes waarom jong Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners so gesog is in die Nederlandse arbeidsmark. Taal en werketiek is twee groot trekpleisters en boonop is IT-opleiding in Suid-Afrika gewoonlik baie goed.

“Daar is nie veel kulturele verskille nie en daar is ook nie eens werklik ’n tydsverskil tussen die twee lande nie,” voeg Poortman by.

**Dink in Afrikaans**

Poortman meen “Afrikaans is baie na aan Nederlands”. Volgens Van Galen Last is taal een van die grootste faktore in hul soektog na



**Amsterdam, wat beskou word as ’n tegnologiese spilpunt in Europa en gesog is onder werkers in inligtingstegnologie.**
Foto: ISTOCK

> **Taal en werketiek is twee groot trekpleisters en boonop is IT-opleiding in Suid-Afrika gewoonlik baie goed.**

talent. “Ons werf Suid-Afrikaners om vir ons Nederlandse kliënte te werk. Ons Nederlandse kliënte heg baie waarde aan werknemers wat Nederlands kan praat juis omdat Nederlands die voertaal is by baie maatskappye.”

Wanneer iemand deur Ir Olav’s Globetrotters in ’n pos geplaas word, kry daardie kandidaat ook Nederlandse klasse, wat beteken dat hulle die taal reeds kan praat en verstaan teen die tyd dat hulle in die vliegtuig klim op pad na Nederland.

“En met ’n Afrikaanse agtergrond is dit taamlik maklik vir die kandidate om die taal aan te leer. Hulle kan dus dadelik begin werk, want hulle verstaan Nederlands,” sê Van Galen Last.

“Al antwoord hulle dalk aanvanklik in Engels of Afrikaans, hulle verstaan Nederlands en binne ’n jaar is hulle dan Nederlands magtig,” voeg Poortman by.

Nóg ’n regmerkie langs ’n aansoeker se naam is wanneer hulle by ’n “tradisioneel Afrikaanse” universiteit opgelei is, sê Wendy Nelson, Ir Olav’s Globetrotters se bedryfsdirekteur in Suid-Afrika. Nelson is ’n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner en woon aan die Oos-Rand.

“Die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria en Universiteit Stellenbosch lewer sterk kandidate op. Al word klasse nie nou meer noodwendig in Afrikaans aangebied nie, hulle dink nog in Afrikaans,” sê sy.

**Dissipline**

“Julle is gewoond daaraan om hard te werk. Die werketiek van Suid-Afrikaners is iets waarvan die Nederlanders hou,” sê Van Galen Last. “Hier (in Suid-Afrika) moet julle hard werk om uit te staan en oorweeg te word vir die goeie werkgeleenthede. Eintlik vir enige werkgeleentheid.”

Nelson stem saam. “Suid-Afrikaners word gewoonlik grootgemaak met ’n vorm van dissipline. Toewyding is iets wat in baie van ons se ouerhuise al beklemtoon word. Dis net hoe ons grootgemaak word.

“Daardie dissipline en toewyding is iets wat ons kan oordra aan ons Nederlandse kliënte en omdat daar nie juis kultuurverskille tussen die Nederlanders en die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is nie, is dit ’n naatlose oorgang.”

Suid-Afrikaners se ingesteldheid om probleme op te los is ook ’n bate. “Suid-Afrikaners kla nie oor harde werk nie. Hulle doen dit net. Daar is nie ’n aanpassingstydperk nie. Hulle gaan net aan,” meen Poortman.

Kandidate ondergaan eers toetse om seker te maak hulle is wel geskik vir poste, maar in minder as twee en ’n half jaar het Ir Olav’s Globetrotters al amper 100 Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners in poste in Nederland geplaas.

**Misdaad**

“Die nuwe Diensbillikheidswet sal dit vir kleiner minderheidsgroepe, soos wit, bruin en Indiërmense, nog moeilike maak om werk te kry, veral as bedryfsteikens volgens die bevolkingsamestelling gestel word.

“Dit sal byvoorbeeld vir ’n onderneming wat baie mense uit hierdie groepe in diens het, ongelooflik maklik wees om die teiken vir daardie groepe te oorskry,” verduidelik Du Buisson.

Tog is arbeidswette nie die hoofrede waarom Suid-Afrikaners oorsee gaan werk (en bly) nie, maar misdaad. “Veiligheid is bo aan die kandidate se prioriteitslys,” sê Van Galen Last.

“Dit is jong mense wat daaraan dink om met ’n gesin te begin en hulle wil dit nie noodwendig in Suid-Afrika doen nie. Of dis mense met klein kinders wat nie ’n toekoms vir die kinders in Suid-Afrika sien nie.”

Amsterdam word ook as ’n tegnologiese spilpunt in Europa gesien wat dit veral aanloklik maak vir mense in die IT-bedryf.

En Brittanje se besluit om die Europese Unie te verlaat, moet ook nie onderskat word nie. “Die hoofkantore van baie internasionale maatskappye het ná Brexit na Amsterdam en ander plekke in Nederland geskuif. Dit is motivering vir mense wat hoogs gekwalifiseerd en uiters gemotiveerd is om na Nederland te verhuis,” sê Poortman.

**‘Klippe in die pad’**

Nederland se werkloosheidsyfer was in Maart vanjaar 3,6%. Dit is ’n tipiese Europese land met goeie infrastruktuur, maar kandidate moet vir geen oomblik dink dis alles net stroopwafels en tulpe nie.

Van Galen Last, Poortman en Nelson is dit eens dat daar wel “klippe in die pad” na Nederland is, veral wat die “sosiale aspekte” betref.

Nederlanders is baie op die man af, terwyl Suid-Afrikaners geneig is om mooi broodjies te bak. “Dis iets wat ons vir Suid-Afrikaners moet leer: om meer direk te wees,” sê Poortman.

“In Suid-Afrika het jy ’n erf of balkon en vriende en familie kuier oor en weer by mekaar. Jy het ook die luuksheid van privaatheid wanneer jy dit wil hê.

“In Nederland is die wooneenhede meestal piepklein. Mense woon amper bo-op mekaar. As jy buite wil wees, moet jy na ’n park gaan saam met honderde ander mense,” sê Poortman.

“Dis hoekom dit so belangrik is om Nederlands te leer sodat jy dadelik moeite met jou bure kan doen en ’n sosiale netwerk kan opbou.”

Van Galen Last troos dat die maatskappy darem ook help om jou bekend te stel aan ’n netwerk van ander Suid-Afrikaners.

Boonop is emigrasie ’n lang proses wat nie oornag gebeur nie. “Dis iets waarop kandidate ook geestelik en emosioneel moet voorberei,” sê Nelson.

“Jy moet Nederland kies omdat jy Nederland toe wil gaan, nie net omdat jy Suid-Afrika wil verlaat nie,” is Van Galen Last se raad.



*Wondergem is ’n redaksielid van* Beeld.


# Amerika hekel Cyril met die hamer en sekel

**Vryburger**
vryburger@dieburger.com



In hierdie donker dae van beurtkrag en beweerde wapensmokkelary vanuit ons Simonstad-vlootbasis, sien Vryburger oudergewoonte die goeie nuus raak. Ons kan vernaam ons sterre dank dat die *Lady R*-herrie nie onder die presidentskap van ou Donnie Trump losgebars het nie, want hy was sommer kapabel en bombardeer Eskom.

*O, nee wag – van Eskom is daar mos reeds niks oor nie. Hy’s dan sommer kapabel en vat Gwede Mantashe se steenkool af as daad van weerwraak. Dít sal die ANC mos wys.*




**Vaag op elke vraag**

Intussen weet ons president R glo niks van die Russe se *Lady R* en wat by die vlootbasis gebeur het nie. Daar moet mos eers ’n kommissie onder ’n afgetrede regter aangestel word waarvoor ek en jy betaal. Gooi nog miljoene na ’n probleem sodat die diplomatieke modder tog net nie op die silwerskone Cyril spat nie. Was dit dan nie makliker nie om net ’n paar militêre offisiere na die *Lady R* te stuur en te sê: “Wat de duiwel het julle aan boord?” Die skip was dan ’n volle drie dae hier voor anker terwyl daar deurlopend oor berig is.

*Maar nou gaan ons ’n kommissie kry om antwoorde te kry op vrae wat die president R-regering nou reeds moes kon antwoord.*




**Raad vir ’n raadop president**

Intussen vertel Vryburger se verspieders ou Cyril se span adviseurs is erg uitgedun. Trudi Makhaya, sy ekonomiese raadgewer, is weg en ook sy internasionale raadgewer, Maropene Ramokgopa. Sy politieke raadgewer, Bejani Chauke, het bedank en die blitsige toespraakskrywer, Steyn Speed, sit in die buiteland. Dan kan ons darem onsself troos dat Cyril nie na raad wil luister nie – hy kry net geen raad nie.

*Vryburger kan wel met goeie raad help: Cyril, los die lang verduidelikings. Wees eerlik: Ontken net dat die regering enige wapens vir Rusland gegee het omdat al die wapens, ook dié wat die Russe destyds vir die ANC gegee het, nou in die hande van transitorowers en bendebase is.*

## Ons is nie opgewasse teen ANC se truuks

**Theo Stehle, Knysna**

Noudat André de Ruyter die aap verder uit die mou gelaat het, besef ek dat ons ondermaanse mense nie opgewasse is teen die regerende party se intelligente truuks om ons te mislei nie, terwyl alle materiële voorspoed en bates wat met harde werk en bekwaamheid oor baie jare heen opgebou is, soos mis voor die son verdamp.

Wat vir ’n inisiatief! Verbysterend hoe die vaardigheid om te sloop en plunder binne ’n kort tyd tot so ’n fyn kuns ontwikkel het!

Goedbedoelende mense soos De Ruyter het gedink dat as hulle die vrot dele van die vis kan uitsny, sal alles regkom. Toe kom hulle uiteindelik agter die hele vis is reddeloos vrot, van die kop tot by die stert.

Die president het meermale al gesê Eskom is te groot om te misluk. Noudat ons meer weet, besef ons hy het dalk bedoel Eskom kan nie toegelaat word om op te hou bestaan nie, want dit is die ANC en kaders se melkkoei.

Dit pas ook glad nie in die party se ideologiese program om Eskom te ontbondel, deur alternatiewe energiebronne te vervang of te privatiseer nie.

Want deur die kragverskaffingsmonopolie kan hy die bevolking beheer en manipuleer deur beurtkrag en ander slimmighede die publiek afpers om hoër tariewe te betaal, om dan boonop mense se geisers in spitstyd af te wil skakel om vir die verliese aan megawatts te kompenseer.

Ons was te dom om te sien hoe Eskom se buitensporige uitgawes, waarvan die meeste in staatskapers se sakke beland het en steeds beland, kortkort uit die staatskas aangevul word, om op sy beurt weer uit belastingbetalers se sakke aangevul te word.

Daarbenewens word die kaders se plundering ook deur verhoogde kragtariewe gesubsidieer, terwyl lede van die GEPF boonop nog deur lenings aan Eskom, wat hy waarskynlik nie sal kan terugbetaal nie, driedubbel hard geslaan word. Geniaal, absoluut geniaal!

## Dié boek oor ANC waarskynlik reeds geskryf

**LP Vermaak, George**

Ek wil aansluit by André de Ruyter wat sê dat Eskom nie meer te redde is nie. Persoonlik voel ek dat nie ’n enkele een van die staatsinstellings en -entiteite meer gered kan word nie.

Tewens, ek het ’n spesmaas die boek *The Rise and Fall of the ANC Regime* is reeds geskryf – ek dink die outeur sit net en wag vir die finale ineenstorting om die laaste hoofstuk daarvan te voltooi.

## Jy SMS

**Stuur jou SMS na 36260. SMS’e wat die skrywer se naam bevat, kry voorkeur.**

- Dit was nooit nodig dat wedstryde verskuif moes word toe Nuweland die Kaapse rugbyhoofkwartier was nie. Selfs nadat drie wedstryde daar gespeel is. Dit laat ’n mens dink. – *EdeJ*
- Al is Manie Libbok ’n briljante speler, behoort Handré Pollard steeds die Springbokke se eerste keuse op losskakel te wees. – *Marthinus Jacobus B*
- Min. Angie Motshekga (17.05) behoort te weet om meer as 50 kinders in ’n klas doeltreffend te onderrig, is ’n bomenslike taak. Met genoegsame skole kan die probleem opgelos word, maar soos met alle staatsentiteite, verdwyn die geoormerkte geld in kaders se Louis Vuitton-handsakke. – *Linette Verster, Durbanville*
- Almal kla oor die inkopiepryse, maar nooi hulle jou vir ete, is dit klaarbereide kos van Woolies of Checkers. Kook mense nie meer vleis, rys, aartappels en groente nie? Met dalk ’n mengelslaaitjie by? Dit gaan in elk geval goedkoper wees. Of is mense net lui? – *Sarah*
- Groot asseblief aan die redaksie: Meer van Erika de Beer (16.05) se skrywes asseblief – uitstekende skryfstyl en baie interessant. Minder van Amanda Gouws, wat gedurig dieselfde ou snaar tokkel. – *W. Smit*
- Ek gaan my versekering kanselleer, want hulle betaal nie as jou elektriese ware breek as gevolg van beurtkrag nie. – *Roland, CW*

## Jy op Facebook en Netwerk24

**81% van gr. 4’s kan nie met begrip lees – minister gee Covid die skuld:**

- As ons na die historiese tendens kyk, is dit beslis nie Covid se skuld nie. – *Politoer*
- Dit het niks met Covid te doen nie. Baie onderwysers doen nie hul werk nie. – *Tiny*
- Dankie tog vir Covid, anders was dit seker weer apartheid se skuld. ’n Mens kan vir enigiets ’n verskoning uitdink – die oplossing is wat die minister ontwyk. – *Johann64*
- Regstellende aksie binne die onderwys het ook sy tol geëis. ’n Swak kurrikulum, gesentraliseerde bestuur, en vakbonde wat swak onderwysers en hoofde beskerm. Nie veel beter as Eskom nie. – *Tweede opinie*
- Onderwys moet ’n keuringskursus word. – *Vinci*
- Die enigste oplossing is om die onderwyskolleges weer te laat herleef en onderwysers van gehalte op te lei. – *Spinx99*
- Só steel die ANC en Sadou ons land en sy mense se toekoms. Praat van misdade teen die mensdom. – *Maak dinge beter*
- Toemaar, dieselfde kan gesê word van ANC-leiers. – *George R*
- Nou kan ’n mens verstaan hoekom ons ’n kragkrisis het. – *Jacques Zeelie*



20-JAAR WAARBORG!! EDBLO FANTASY-BEDSTEL R11 INRUILING (Laagste prys in die Stad!) Maklike betaalvoorwaardes. Lionel Comaroff Kasteelstr. 29.

DIE BURGER

KAAPSTAD, VRYDAG, 18 MEI 1973. AGT-EN-VYFTIGSTE JAARGANG. PRYS VYF SENT.

LAASTE UITGAWE

Edmax Juweliers St.Georgest.17 Kaapstad

INVICTA MAAK U VOORTDUREND TYDBEWUS EN DUS BETYDS! Maak gebruik van ons maklike betaalplan. St. Georgestr. 17, Kaapstad. Tel. 41-1125.

SPANNING, GEVAAR TERWYL REDDERS LYKE SOEK

Van HARRY SHAW
VICTORIA-WATERVAL.

SWAAR gewapende Rhodesiese skerpskutters het gister hoog oor die skuimende waterval wag gestaan terwyl ’n klein groepie ongewapende soldate in ’n dramatiese operasie die lyk van een van die Kanadese meisies wat Dinsdag deur Zambiese geweervuur afgemaai is, op die wal van die Zambezi gaan haal het.

Die lyk van die negentienjarige Christine Louise Sinclair van Guelph in Ontario, Kanada, is ná ’n twee uur lange operasie deur ’n groepie van tien polisie-soldate en -reserviste op die bodem van die diep Vierde Ravyn van die waterval gaan haal.

DRIE van die hooffigure in vandeesweek se moorddrama by die Victoria-waterval. Links is Marjan Drijber (19) en in die middel Christine Sinclair (19), wat doodgeskiet is. Regs is mev. Carol Crothers (25), die enigste wat ongedeerd daarvan afgekom het. Haar man, John, is ernstig gewond. Hiernaas vertel mev. Crothers van haar nagmerrie-ondervinding.

Sy het nog gewuif toe skiet hulle

Van HARRY SHAW
VICTORIA-WATERVAL.

„EK het nog vir hulle gewaai, maar nie geweet of hulle dit gesien het nie. Ek was egter stomgeslaan toe ek die geweervuur skielik bokant die donderende Zambezi hoor. Ek het besef dat op ons vier geskiet word.”

Polisie slaan toe op 2de Ikey-betoging:

## 50 Jaar gelede | 18 Mei 1973

- **Spanning, gevaar terwyl redders lyke soek:** Swaar gewapende Rhodesiese skerpskutters het gister hoog oor die skuimende Victoria-waterval wag gestaan terwyl ’n klein groepie ongewapende soldate in ’n dramatiese operasie die lyk van een van die Kanadese meisies wat Dinsdag deur Zambiese geweervuur afgemaai is, op die wal van die Zambezi gaan haal het.
- **Sy het nog gewuif, toe skiet hulle:** “Ek het nog vir hulle gewaai, maar nie geweet of hulle dit gesien het nie. Ek was egter stomgeslaan toe ek die geweervuur skielik bokant die donderende Zambezi hoor. Ek het besef dat op ons vier geskiet word.” Só het die 25-jarige Amerikaner Carol Crothers gister van hul nagmerrie-ondervinding by die Victoria-waterval vertel.
- **Maggie Laubser oorlede:** Maggie Laubser, ons belangrikste Afrikaanse skilder, is gisteroggend in die ouderdom van 87 jaar aan haar huis Altyd lig in die Strand oorlede.
- **Lugmag se eerste vroue:** Die Suid-Afrikaanse Lugmag het gister in Pretoria sy eerste agt vaste vroulike lede amptelik verwelkom. Sedert die stigting van die Lugmag in 1920 was vroue nog nooit in die vaste personeel aangestel nie.
- **Minimumlone verhoog:** Ingrypende verhogings van die minimumlone van ongeskoolde Bantoewerkers in ’n reeks nywerhede in al Suid-Afrika se stedelike gebiede gaan ingestel word.
- **Paarlse meisies nog soek:** Die vyf blanke meisies van die Paarl wat spoorloos verdwyn het, het geen verbintenis met die ander twee wat ná hul verdwyning na hul ouerhuise in die Paarl teruggekeer het nie. Die vyf meisies, van wie drie in die leerlingraad van hul skool is, is vermoedelik op pad na Durban.
- **Laaste eerste:** ’n Bofbalgooier, John Wade, is in Arizona voor honderde toeskouers deur die weerlig doodgeslaan pas nadat hy die eerste bal van die seisoen gegooi het.
- **Persoonlik:** Mev. Kotie de Klerk van Colesberg is herkies as voorsitter van die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Tuberkulosevereniging.
- **Keurbetrekkings:** Hooftikster verlang vir departement van verdediging. Salaris tot R4 200 per jaar. 30 dae verlof per jaar.